



BRAFORD

SUID-AFRIKA | SOUTH AFRICA



NO. 3 | OCTOBER / OKTOBER | 2026

VOORBLADFOTO

- Pieter-Steph, Bonheur Braford's | New Record Price



INHOUD

- Uit die Kantoor
- Uit die Raadsaal - Dirk van Dyk
- Algemene Jaarvergadering en Nasionale Veiling 2026
- Preliminary Braford Calendar 2027
- Council / Raad
- My Reis met die Brafordras - Lourens Swart
- Sale Results 2026
- Steps to becoming a registered Braford breeder

Klerevoorraad

Daar is steeds 'n goeie verskeidenheid klerevoorraad beskikbaar. Besoek gerus die webblad om die beskikbare items te besigtig. Kontak die kantoor indien u enige items wil bestel sodat die nodige reëlins vir koerieraflewering getref kan word.



Foto - Lourens Swart

Uit die Kantoor



Al die veilings is afgehandel en dit was 'n besonder suksesvolle jaar wat veilingsuitslae betref.

Baie geluk aan elke verkoper en koper wat 'n belegging gemaak het in die verbetering en uitbreiding van hul kuddes.

Vorbereiding vir die Dekseisoen

Maak asseblief seker dat die volgende in plek is voordat die dekseisoen aanbreek:

Vroulike diere

Vroulike diere wat vir dekking bestem is, moet:

- Geregistreer en goedgekeur wees.
- In goeie fisiese kondisie verkeer.
- Duidelik en korrek getatoeër wees.

Bulle

Selekteer betyds die bulle wat gedurende die dekseisoen gebruik gaan word en maak seker dat hulle:

- Vrugbaar en dekpotent is.
- Geregistreer en vir stoetteling goedgekeur is.
- DNS- en vaderskapverifikasie op rekord het (sterk aanbeveel).
- Indien 'n meerbulparing gebruik word, moet die identifikasienommers van die betrokke bulle aan die kantoor voorsien word sodat die nodige groep geregistreer kan word.

Groeppeer die diere volgens u bestuurs- en teeldoelwitte en teken die volgende datums noukeurig aan:

- Datum in
- Datum uit

Hierdie rekordhouding vergemaklik die administrasieproses en verseker akkurate prestasie- en afstammingsdata.

“Uitnemende kuddes ontstaan nie per toeval nie; dit is die resultaat van beplanning, rekordhouding en doelgerigte seleksie.”

Marguerite Fouché

072 594 4500 | info@braford.co.za

UIT DIE

DIRK VANDYK

Kandzaal

Geagte Lede, Telers en “Bles”-gesindes,

Die afgelope jaar was 'n besonder betekenisvolle jaar vir die Braford Beestelersgenootskap. Benewens uitstekende veilingprestaties, is daar ook belangrike besluite geneem wat die ras se toekomstige ontwikkeling en die waarde wat aan telers gelever word, verder sal versterk.

Die jaar se veilings het weereens die gewildheid en kommersiële relevansie van Braford genetica beklemtoon. Gedurende 2026 is 142 geregistreerde bulle op amptelike veilings verkoop teen 'n totale omset van R11,06 miljoen en 'n gemiddelde verkoopprijs van R77 887 per bul. Baie geluk aan die kopers asook die telers vir hierdie uitsonderlike resultate.

Veilings en ander hoogtepunte in oorsig: Die hoogtepunt van die jaar was sonder twyfel die vestiging van 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekordprijs vir 'n Braford bul. Tydens die Nasionale Veiling is 'n bul van Bonheur Braford vir n allemintige R300 000 verkoop, wat 'n nuwe maatstaf vir die ras daarstel en die toenemende vraag na topgehalte Brafordgenetika bevestig.

'n Verdere hoogtepunt was die suksesvolle aanbieding van ons Algemene Jaarvergadering (AJV), te Parys. Die AJV het waardevolle geleenthede geskep vir gesprek, kennisdeling en oorleg. Van besondere belang vir die toekoms van die genootskap



Dirk van Dyk

was die besluit om oor te skakel van die Breedplan-stelsel na SA Stamboek as die ras se prestasie- en rekordhoudingsvennoot. Die Raad glo dat hierdie oorgang nuwe geleenthede sal ontsluit om data-integriteit, dienslewering, tegnologiese ondersteuning en genetiese evaluering verder uit te bou ten bate van alle telers. Hierdie besluit vorm deel van ons verbintenis om die Brafordras voortdurend relevant, mededingend en vooruitstrewend te posisioneer binne die Suid-Afrikaanse vleisbeesbedryf.

Geen van hierdie prestasies sou moontlik gewees het sonder die passie en toewyding van ons

telers, kopers, borge, beoordelaars, amptenare en ondersteuners nie. Namens die Raad wil ons elkeen opreg bedank vir hul bydrae gedurende die jaar.

Terwyl ons vorentoe kyk, bly ons fokus gerig op genetiese vooruitgang, kommersiële winsgewendheid en die bevordering van die Braford, wat bekend staan vir aanpasbaarheid, vrugbaarheid, funksionaliteit en waarde vir die kommersiële produsent.

Ons is geweldig dankbaar vir die afgelope beesjaar en sien met groot verwagting uit na die geleenthede wat voorlê. Baie sterkte vir die uitsien van die kalfseisoen!

Vriendelike groete,
Dirk



WEAR YOUR BRAFORD PRIDE

Be sure to collect yours and show your support for South Africa's most versatile beef breed. Contact the office for your pin - info@braford.co.za

Braford Calendar 2027

Preliminary Dates
Subject to Change

Join us for another exciting year as we showcase a lineup of exceptional livestock, bred with dedication and quality. **We encourage you to confirm dates and details directly with breeders, so you don't miss out.** Here is your opportunity to elevate your herd to new heights!

NAMPO Harvest Day

11 - 14 May 2027
NAMPO Park, Bothaville

13th SA Braford National Studio Auction

12 June 2027 at 18:00
Afridome, Parys
Contact
Wessel Meyer +27 82 800 4913
PM Swart +27 83 948 3345
Johan de Jager +27 60 966 3693
Office +27 72 594 4500
info@braford.co.za

Bonheur Brafords

7th Production Auction

19 June 2027 at 11:00
Polocrosse Club, Bethal
Contact
Gert van der Merwe
+27 82 653 0323
Johan de Jager +27 60 966 3693

Meaker Brafords

15th Production Auction

14 July 2027 at 12:00
Vrede / Warden
Contact
Jan Meaker +27 79 883 9760

33rd OTVL Bull Auction

21 July 2027 at 11:00
JENVOS, Ermelo
Contact
Jan van Niekerk +27 82 556 5965

Thiele Holdings

11th Production Auction

7 August 2027 at 11:00
Farm Schikhoek, Paulpietersburg
Contact
Carl Thiele +27 82 944 0480
Phillip Thiele +27 60 739 4524

Eastern Free State Veld Bull Club Auction

17 August 2027 at 11:00
Vrede Auction Ring
Contact
Vickus Tromp +27 72 823 1118

Brafords@Besters Auction

25 August 2027 at 11:00
Farm Trekboer
Contact
Theuns de Jager +27 72 909 1861
Carl de Jager +27 83 300 6615

BeefPower Braford Auction

9 September 2027
Sun Down Lodge, Aliwal North
Contact
Van Aardt Greyling +27 82 782 7674



Algemene Jaarvergadering & Nasionale Veiling

Die Algemene Jaarvergadering en Nasionale Veiling het op 12 Junie 2026 by die Afridome in Parys plaasgevind.

Twee-en-twintig geregistreerde lede was tydens die Jaarvergadering teenwoordig. Verskeie suksesvolle en konstruktiewe besprekings is gevoer. Verteenwoordigers van die LRF asook van SA Stamboek was gassprekers tydens die vergadering.

Alejandro Lauret, tesame met sy vrou, Lorena en Gabi Butto van Cabaña La Dominga in Argentinië, het 'n interessante aanbieding gelewer waarin hulle hul teel- en bestuurspraktyke met die gehoor gedeel het.



Toekennings tydens die prysuitdeling is die volgende toekennings oorhandig:



Braford Stoet van die Jaar
Gert van der Merwe en Johan de Jager van
Bonheur Brafords.



Kuddevaar van die Jaar
Bonheur Pieter-Steph Gm2261 van Bonheur Brafords.



Kampioen Koei van die Jaar
VAG1568 van Beefpower Brafords



Reserwe Kampioen Koei van die Jaar
NT1715 van Nooitgedacht Brafords



Koeigroep van die Jaar
TJ de Jager van Nooitgedacht Brafords.



Kudde wat die Beste Vordering Toon
Chris-Botha en Rudolph Laubscher van RCT Brafords



Die aandfunksie was 'n besondere geleentheid, met die Nasionale Veiling as hoogtepunt van die dag.

Vir die eerste keer is die Nasionale Veiling as 'n studioveiling aangebied. Ons spreek ons opregte dank uit aan PM Swart en sy span van Vleissentraal, asook aan Meerkat en hul span, wat 'n belangrike rol gespeel het om van die geleentheid 'n groot sukses te maak.

'n Rekordbedrag van R300 000 is op die veiling behaal vir GM2261 (Pieter-Steph), wat aan Stapelberg Broers verkoop is.

Ons bedank ook die Afridome en hul personeel, en in die besonder Caroll-Ann, Karen en Frieda, vir hul waardevolle bydrae tot die sukses van die verrigtinge.

ALEJANDRO LAURET



It was a tremendous honor to be invited by the Braford Society of South Africa as a judge for the 12th National Braford Show and to have the opportunity to deliver a presentation on Braford judging criteria, the importance of functional selection, and the experience of Cabaña La Dominga in the genetic development of the breed.

I would like to thank the organizers, breeders, and the entire South African Braford community for their trust, hospitality, and the genuine interest shown throughout every activity.

It was truly rewarding to witness firsthand the outstanding quality of the cattle exhibited and the commitment of producers to continuous genetic improvement. Likewise, the successful sale of breeding stock held during the event, achieving excellent values, reflected the strength and growth that the Braford breed is experiencing in South Africa today.

Events like these strengthen the ties between countries and reaffirm that the future of the breed is built on solid genetics, clear selection criteria, and a shared long-term vision.

Thank you, South Africa, for this unforgettable experience and for the confidence placed in me.



Success in agriculture is not
measured by the absence of
challenges, but by the
determination to overcome
them.



B R A F O R D

COUNCIL

Raad

2026 / 2027



Johan de Jager
President
Bethal // 060 966 3693



Jan Meaker
Vice President
Warden // 079 883 9760



Jan Uys
Council Member
Stoffberg // 082 858 2908



Faan Greyling
Council Member
Lady Grey // 076 111 9575



Ralf Rodewald
Council Member
Piet Retief // 083 661 0465



Dirk van Dyk
Council Member
Vrede // 083 728 7745

Het jy 'n Braford-vraag? Ons raad is hier om te help met advies, inligting en leiding oor alles Braford.
Have a Braford question? Our council is here to help with advice, information, or guidance on all things Braford.



Lourens Swart

My reis met die Brafordras

Lourens Swart

My naam is Matthys Lourens Swart. Ek is 'n 16-jarige stoetteler van Standerton in Mpumalanga. Die meeste mense ken my as iemand met uiteenlopende belangstellings en talente – van kommersiële veeboerdery en bemerking tot professionele fotografie en media. Tog is daar een passie wat bo alles uitstaan: die stoetbedryf.

Van kleins af was ek gefassineer deur stoetvee. My eerste blootstelling daaraan was saam met my oupa, Blackie, wat 'n Boran- en Brangusstoet, naamlik Zwani Boran en Bravo Brangus, besit het. By hom het ek die grondbeginsels van seleksie, genetiese verbetering en korrekte paring geleer. Hierdie lesse het die fondament gelê vir my liefde vir stoetelery.

Vir my was die Brafordras nooit 'n vreemde of onbekende ras nie. My pa, PM Swart, en tannie Charlotte Schutte van Heelbo Brafords het reeds in 2015 die Braford Nasionale Veiling begin, en die ras het my belangstelling lank voor my eie betrokkenheid gewek. My oupa, Pieter Swart, het jare gelede begin deur Brafordbulle by Platdoorn Brafords van Wessel Wessels aan te koop. Hy het dié bulle op veilings soos die Oos-Transvaal Ram- en Bulveiling en die Vrede Veldbulveiling aangekoop en hulle op sy wit Brahmankoeie gebruik. Sô het ons eie Braford-verhaal begin.

Ongeveer twee jaar gelede toe ek al hoe meer by die boerdery betrokke geraak het. Was dit toe dat die droom

om self 'n stoet te begin, begin posvat het. Aanvanklik was my oupa nie heeltemal oortuig van die idee nie. Tydens 'n produksieveiling, waar ek die voorreg gehad het om saam met voormalige president Jan Meaker en die huidige president, Johan de Jager, te wees, het hulle hom egter aangemoedig om my die geleentheid te gee. Hy het ingestem, maar op een voorwaarde: ek moes self die verantwoordelikheid aanvaar en bewys dat ek die werk kon doen.

Ná my aansluiting by die Braford telersgenootskap het ek my eerste veiling as stoetteler bygewoon – die 31ste Oos-Transvaal Ram- en Bulveiling op die plaas Jenvos buite Ermelo. Daar het ek my mentor, Jan van Niekerk, beter leer ken. Hy het my gehelp om die basiese beginsels van seleksie en stoetelery beter te verstaan.

Tog het hy my veel meer as net die tegniese aspekte van die bedryf geleer. Hy het my sonder huiwering gehelp, my vrae beantwoord en sy kennis met my gedeel sonder om ooit iets terug te verwag. Deur sy gasvryheid, mentorskap en vriendskap het hy vir my soos familie geword. Danksy sy leiding het ek nie net as



Jan van Niekerk & Lourens Swart



jong teler gegroei nie, maar ook as mens.

Vir my is die Brafordras veel meer as net 'n beesras of 'n telersgenootskap. Dit is 'n gemeenskap van mense wat deur 'n gedeelde passie vir genetiese verbetering, kwaliteit en volhoubare teling verbind word. Al verskil ons soms van mening, bly ons almal verenig deur ons liefde vir die ras en ons strewe om die Braford voortdurend te verbeter.

Ek glo die toekoms van die Brafordras lê nie net in die gehalte van ons beeste nie, maar ook in die mense wat bereid is om hul kennis, ervaring en passie met die volgende geslag te deel. Dit is juis hierdie gees van samewerking, mentorskap en toewyding wat my trots maak om deel van die Suid-Afrikaanse Brafordfamilie te wees.


“Dit is 'n gemeenskap van mense wat deur 'n gedeelde passie vir genetiese verbetering, kwaliteit en volhoubare teling verbind word.”



Lourens Swart, Alejandro Lauret en Johan de Jager



Lourens Swart en sy oupa, Pieter Swart



2026 WITS LAE Results



Bonheur Pieter-Steph set a new SA Braford record at the 12th National Studio Auction, selling for R300 000 from Bonheur Braford to Stabra Braford.

SA Braford National Auction 12 June 2026 Afridome, Parys

Bulls

- Offered / Sold – 9 / 9
- Highest Price – R 300 000
- Average Price – R 133 889

Cow + Calf

- Offered / Sold – 3 / 3
- Highest Price – R 35 000
- Average Price – R 23 667

Cow 3-in-1

- Offered / Sold – 3 / 3
- Highest Price – R 45 000
- Average Price – R 36 667

Heifer in Calf

- Offered / Sold – 21 / 21
- Highest Price – R 37 000
- Average Price – R 23 619



Bonheur GM2331 (Lot 7) was the highest-priced bull of the day, selling at R195 000. A Niemen Xpo grandson. Congratulations to Bonheur Braford for breeding this top bull, and to the new owner, Jan-Abraham Joubert from Eastfield Braford, Cedarville.

Bonheur Braford's 6th Production Auction 20 June 2026 Bethal, MP

Bulls

- Offered / Sold – 24 / 24
- Highest Price – R 195 000
- Average Price – R 76 146

Cow in Calf


- Offered / Sold – 1 / 1
- Average Price – R 30 000

Heifer in Calf

- Offered / Sold – 22 / 22
- Highest Price – R 42 500
- Average Price – R 23 409

Cow 3-in-1

- Offered / Sold – 1 / 1
- Average Price – R 40 000



Meaker Braford's 14th Production Auction 15 July 2026 Vrede / Warden, FS

Bulls

- Highest Price – R 135 000
- Average Price – R 65 806

Heifer in Calf

- Highest Price – R 26 000
- Average Price – R 21 125


Open Heifer

- Highest Price – R 19 000
- Average Price – R 15 500

Cow & Calf

- Highest Price – R 23 000
- Average Price – R 21 800

Meaker Draaihoek Yster M22178 (Lot 1) was the highest-priced bull of the day, selling at R135 000. Congratulations to the new owners, Thiele Holdings, from Paulpietersburg.



Oos-Transvaal Bulveiling

22 July 2026

The Bull Ring, Davel

Bulls

- Highest Price - R 155 000
- Average Price - R 73 125

Photo left - Stabra SB2312 (Lot 139) was the highest-priced bull across all breeds, selling at R155 000. A hardy bull that meets strict selection standards, from a fertile maternal line with an ICP of 373 days.

Congratulations to the Stabra Brafords team on breeding this outstanding bull, and to Pieter Schulenburg on his purchase. We wish him every success with this impressive sire.

"The greatest compliment to a breeder is seeing their cattle improve someone else's herd."



Thiele Holdings 10th Production Auction

8 August 2026

Farm Schikhoek, Paulpietersburg

Bulls - 100% Sold

- Highest Price - R 135 000
- Average Price - R 81 705

Photo left - Thiele TH23513 (Lot 8) was the highest-priced bull selling at R135 000.

Congratulations to Theuns de Jager of Nooitgedacht Brafords on securing this outstanding bull. We look forward to seeing the impact he makes in your herd!



Brafords@Besters

26 August 2026

Farm Trekboer

Bulls

Offered / Sold - 21 / 21

- Highest Price - R 170 000
- Average Price - R 85 119

Open Heifers

Offered / Sold - 44 / 44

- Highest Price - R 18 000
- Average Price - R 16 333

Heifers in Calf

Offered / Sold - 8 / 8

- Average Price - R 22 250

Z4T T2393 (Lot 4) was the highest-priced bull selling at R170 000. Congratulations to the buyer, Herman Gerber of Athalia Brafords.

Commercial Bulls

Offered / Sold - 19 / 19

- Highest Price - R 90 000
- Average Price - R 70 312



BeefPower Brafords
10 September 2026
Ricksuhill, Lady Grey

Bulls

Offered / Sold - 17 / 17

- Highest Price - R 95 000 (Lots 1 & 2)
- Average Price - R 68 235

Heifers in Calf

- Highest Price - R 25 500
- Average Price - R 23 087

Photo 1 - Beefpower VAG23159 (Lot 1) was one of the highest-priced bulls, selling at R95 000 to Jan-Abraham Joubert from Cedarville, Eastfield Brafords.



Photo 2 - Beefpower VAG23180 (Lot 2) was one of the highest-priced bulls selling at R95 000. Congratulations to the buyer, Francois Pretorius from Barkly East.

Nuwe Rekordprys

R300 000



Bonheur Pieter - Steph

Seller - Bonheur Brafords | Buyer - Stabra Brafords | Auction - 12th National SA Braford Studio Auction

STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.

START HERE

Contact the office for an English or Afrikaans application form - info@braford.co.za

Receive application form containing applicable information and fees.

Complete the application form in full - Form 1, 2, 3 and 4.

NB - all dates and a drawing of your road map need to be completed.

Double check your joining date - this date determines part of your membership fee as well as the date which calves can be registered from.

Return application form to the office at info@braford.co.za with proof of membership fee payment.

Contact us:
+27 72 594 4500
info@braford.co.za

Your application will be sent to the registrar.

Once the application has been processed, you will be notified of your registered details and receive a VAT invoice.

Congratulations!
You are now a registered member of the Braford Society!



ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services

- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office



www.braford.co.za

find us on Facebook and Instagram  

Every great herd begins with a
breeder who refuses to compromise.